

BEROEPENUUS— 24 Nov. 2013**Beroepe ontvang**

Ds PW Kurpershoek van Middelburg (Tvl) na Rietvallei as medeleraar.

Beroepe aanvaar

Proponent TV Moruri na Jouberton (Klerksdorp).

Beroepe bedank

Ds DJ Bakker van Boksburg na Koster.

Dr DJ de Kock van Krokodilrivier na Phalaborwa.

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is muriel@muriel.co.za. Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

TINKINKIETAAL VAN TOTIUS—deur wyle prof. PW Buys (9) *vervolg van verlede week* (Uit HANDHAAF Maart 1977)

Fluisterende Lirikus

By 'n herlesing van al sy versamelde gedigte het ek naderhand maar opgehou om die verkleinwoorde aan te streep -daar was te veel, veral in sy vroeër werk. Maar juis met die sagste fluisteringe, wanneer die verkleinwoordjies 'n baie sterk effek van knusheid en teerheid bewerkstellig, sê die digter die ontsaglikste, vlymskerpste dinge. Byvoorbeeld, in "vier maal gesien" is dit 'n "lief doringboompie" aan die "voetjies" waarvan die "grassies" doodgetrap word deur die "stoetjies" . agter die manne met die baar, totdat daar 'n grootpad gaan. Dis alles mooitjies en fyntjies en soetjies soos dit net in tinkinkie taal gesê kan word. In werklikheid word hier sonder om dit ook maar een keer by die naam te noem, die grusaamste werklikheid van die konsentrasiekamp verhaal waarin vroue en kinders by die duisende 'n vreeslike dood sterf. Met hierdie ingehoue stem en speelse verteltrant gryp die digter oneindig veel dieper in die hart as iemand wat dit met 'n stentor-stem sou uitbasuin. Om met sy tinkinkietaal die volk te herinner hoe groot God is - dit is volgens Opperman Totius se styl en roeping. Dit is goed en sinvol in die huidige tyd van storm, onsekerheid, bedreiging, verwarring en baie skreeustemme om weer eens met oorgawe te luister na die sag gefluisterde boodskap van hierdie hoogs begenadigde man, soos dit kristalhelder saamtrek in die woorde van oom Gert by die terugkeer van sy verlore dogter, Dina:

Maar eens herleef die nasie weer, /waarvan ek sterwend profeteer/ Eens word die grys-blou heuwels klein //as God alleen weer groot verskyn

SLOT

25/11– Joandie de Jonge 0725912662	26/11– Willie Buys 0837405003
25/11– Nieke Muller 0844877287	27/11– Marietjie Laubscher 0823462299
25/11– Ferdie van Wyk 0123285298	29/11– Benjamin Beyneveldt 0721003645
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194


Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hanneltjie Bezuidenhout : 0837415173

24 November 2013



EERSTE EREDIENS—(9h00)
(Nagmaal)

Skriflesing: Matteus 13:44-50**Teks:** Matteus 13:47-49

Sing: Ps. 98:3; Ps. 139:1,4; Ps. 89:4;
Ps. 23:3; Ps. 116.... Ps. 146:3,4

VISNET

Met die gelykenis van die onkruid tussen die koring was daar geen toestemming om die onkruid voor die tyd uit te trek nie. So het ons hier ook vis en allerhande see gediertes, skulpe, dink jou in wat daar in die see kan wees.

Dit wat goed is, dit wat sleg is, alles word in die net opgevang.

Terwyl die net nog in die see is vind daar geen skeiding plaas nie.

KATKISASIE— Katkisasie het afgesluit

TWEDE EREDIENS—
(Nabetragting)

Skriflesing: Matteus 13:44-58**Teks:** Matheus 13:51-52**Sing:** Ps. 40:2; Ps. 86:6; Ps. 33:2**NUWE EN ÓU DINGE**

Die baie dinge wat die gelykenisse ons geleer het, hierdie skat van insigte moet ander mense ook verryk.

Soos daar nuwe dinge kon bykom, ware nuwe kennis, so moet die nuwe nie in die lig van die oue kennis verlore gaan nie.

Dit wat nuut in die koninkryk deurbreek moet so deurgegee kan word dat hulle wat dit aanbied as 'n nuwe soort skrifgeleerde na vore moet kom in teëstelling met die skrifgeleerdes wat Jesus nie waarlik ken nie.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/TettoI>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
0012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)**Vandag-Wyke 17 en 18**

Ouderlinge: Frank Laubscher en Frikkie van Schalkwyk
Diakens: Adrianus Coertze en Willem du Plooy

Volgende Sondag (01/12) – Wyke 19 en 20

Ouderlinge: Jan Fanoy en Marius Coertze
Diakens: Henry Foster

Dis deur te veel mooiweer dat die woestyn onvrugbaar is— CJ Langenhoven

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Ds. Andries Mulder is baie ernstig siek in Montana hospitaal opgeneem. Hy het tans lewerversaking waarskynlik as gevolg van herpes-virus wat weer aktief is. Dit onderdruk ook sy asemhaling. Ons dink aan hom, sr Henta en kinders en families in hierdie sware tyd dat die Here naby hulle mag wees. **Br. Wimpie Theunissen** wat verlede Saterdag hoog van 'n leer afgeval het, het hulle geopereer. Van die bene in sy pols is gebreek en hy het ook gebreke ribbetjies en n geskeurde ligament in sy skouer. Ons is dankbaar dat hy reeds uit die hospitaal ontslaan kon word en bid hom volledige herstel toe. **Sr Marietjie Minnaar** gaan vroeg in Desember vir verdere mediese ondersoeke na die teespoed wat sy verlede Sondag weer met haar heuo gehad het. Ons is dankbaar vir die mate wat hulle dit kon herstel. **Sr Ann van der Merwe** is met kanker gediagnoseer. Sy is oorgeplaas na Lynnmed-kliniek. Ons dink aan haar en haar kinders en geliefdes in die tyd wat wat voorlê. Mag die Here hulle naby wees. **Br Kallie Tromp** word steeds in ons gebede aan die genadetroon van die Here opgedra. Al was daar mate van verbetering is die kans op volle herstel op die stadium onwaarskynlik. Hy s die meeste tye nog in Weskoppies. **Br Phil van der Merwe** se gesondheid het ietwat verbeter. **Sr Nakkie** spreek haar dankbaarheid uit teenoor almal wat in die swaar tyd soveel meelewing betoon. Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewing. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE

Sr Annatjie Badenhorst het laat weet dat die koekies vir ons lidmate ouer as 70 jaar sal vandag gereed wees. Dit kan in die kombuis afgehaal word. Sy het weereens namens haar span almal wil bedank wat 'n bydrae gelewer het hetsy deur 'n skenking of gehelp het met die bak van die koekies. Dit word opreg waardeer.

KONINGSKINDERS-ETE

Ons gemeente is versoek om weer vir die jaarlikse koningskinders-kamp 'n ete te voorsien. Hulle het ons op die lys geplaas vir n middag-ete op Donderdag 12 Des 2013. Almal wat hiermee kan help word gevra om met sr Christine te kontak (0845119620) Dan sal hulle die spyskaart en reëlings kan finaliseer.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Emeritaats-fonds
2de diens	DVB	Intand-houding
24/11/2013 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Emeritaats-fonds
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
Vandag	Nagmaal en Nabetragting
04/12	Skole sluit

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die kanton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae. Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

ZAMBIË– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die die kerkverband aangegroei tot R102 000. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. <http://bit.ly/105wmGY> As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig. Ons hoop om finaliteit oor die voertuig in die volgende 2 weke te verkry.

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 8 vervolg

8:16, aand – Vergeleke met Markus en Lukas se weergawes, lei verklaarders af dit hierdie wonder plaasgevind het op dieselfde dag as wat Christus die man met die verdorde hand in die sinagoge genees het. Die Sabbat het geduur vanaf Vrydag son-onder tot Saterdag sononder. Sodra drie sterre sigbaar was nadat die son gesak het, het hulle dit amptelik as die einde van die Sabbat beskou. Die mense was dus in elk geval nou vry om hulle siekes uit te dra.

'n woord – Christus kon maar net 'n wilsbesluit neem of 'n woord spreek om te genees, teenoor die lang formuliere wat gewoonlik gebruik is om duiwels te probeer uitdryf.

Almal – In Sy almag is niks vir God onmoontlik nie. Jesus genees nie net sommiges nie.

8:17, krankhede . . . siektes – *Die genesingswonders deur Christus was nie toeval-lighede nie, maar een van die hoofbestanddele van die werk wat die Vader aan Hom opgedra het. By Sy profetiese werk het Hy ook as Priester opgetree en die rykdom van Sy barmhartigheid aan die mense bewys. As Hy die dissipels uitstuur, is dit nie net vir verkondiging nie, maar om ook onrein geeste uit te dryf en siektes en kwale te genees. Hierdie besondere gewes het eers mettertyd verdwyn soos die buitengewone toestand van die Kerk normaal geword het.*

Jesus genees nie bloot net die liggaamlike kwellings van mense nie. Die HERE openbaar hier dat Hy die vervulling was van die profesie van die lydende Knecht van die HERE van Jesaja 53:4, wat ons **geestelike** sonde-siekte op Hom geneem het. Hy het die sondes van die wêreld kom wegneem.

8:18, menigtes . . . vertrek – Dit word aanvaar as gebeure op die selfde dag waarin Jesus die gelykenis van die saaiër vertel het. Die mense het te veel 'n aardse siening gehad van Jesus se werk, daarom laat Hy hulle eers agter om die ware betekenis van Sy koms te bedink. Daar word ook gemeen dat Jesus weens moegheid na Sy arbeid eers wou rus. Hy gaan ook nou om in die komende storm Sy mag oor die natuur te toon, asook om Sy seën te gaan gee in Gadara, op die oorkantste oewer van die see van Galilea.

8:19-20, U volg – By ander sulke aanbiedinge was daar gewoonlik selfsugtige bybedoelings, daarom kan mens hier ook byna vir seker aan-

neem dat die skrifgeleerde Jesus vir aardse gewin wou volg.

Geen plek – Jesus laat die aanbieder dadelik verstaan dat navolging van Hom nie om aardse gewin kan gaan nie. **Seun van die mens** – Die Here gebruik hier die titel wat Dan 7:13 aan Hom gee. Die Jode het goed geweet dat die naam wys op die Messias. As Hy dan met minder moet klaarkom as lae lewensvorme soos jakkalse en voëls, moet die mense weet dat navolging van Hom nie om stoflike gewin mag gaan nie.

8:21-22, vader . . . begrawe – Uitstel word deur 'n dissipel gevra vir sy navolging. Sy hart voel om te volg, maar familie verpligtinge weeg swaar. Met sekere seremonies en reinigings kan die begrafnis 'n paar dae neem. Ander verklaarders meen dat die man se pa nie noodwendig al dood was nie, en hy hom eers wou gaan oppas in sy laaste dae.

Volg My – Dit mag klink asof Jesus min simpatie het met die dissipel, maar Sy antwoord word 'n les met die oog op die toekoms: Sy volgelinge sal soms werklik nasireërs moet wees. Werklike vervulling van ons roeping sal soms geen uitstel kan regverdig nie, hoe sterk die ander pligte ook al mag roep. Soos die gerief van 'n huis (eerste aanbieder), moet selfs familie nie die navolging van Christus strem nie.

8:23-27, storm op die see – Ook hierdie gebeure is beslis deur Jesus in Sy voorkennis gebruik as deel van die verkondiging van Sy goddelike mag.

Red ons – Die dissipels se seemanskap is nie genoeg teen hierdie storm nie. Hulle smeking om redding wys op die angas waaroor Jesus hulle verwyf: **bang . . . kleige-lowiges**.

8:26, winde en die see – *Die vloek oor die sonde het ook die natuur getref. Maar net soos met die kiere wat God aan Adam en Eva gegee het, gaan die HERE ons voor in die bestryding van die gevolge van die sonde. As die wind golwe in die see opjaag, dan “dreig” God die see (soos dit staan in Ps 106:9, Jes 50:2 en Nah 1:4). Jesus bestraf hier die winde en die see.*

Totius het dit geskryf as deel van die vraag of die mens droogte mag bestry. Sy antwoord aan die hand van voorgaande was dat, net soos ons vir siektes mag dokter, ons damme mag bou. Dink maar hoe God deur Josef se skure-bou voorsiening gemaak het vir kos in die komende hongersnood.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

23 Nov. 1900- Koningin Wilhelmina verwelkom pres Kruger by sy aankoms in Parys; 25 Nov. 1838– Andries Pretorius gekies as leier van die Trek ; 28 Nov. 1916– Pres MT Steyn oorlede; 28 Nov1987– SA Helderberg stort in die Indiese oseaan; 29 Nov. 1869– Oprigting van Teol skool in Burgersdorp; 29 Nov. 1838– Prof. J Lion Cachet gebore; 29 Nov. 1894– Toon v/d Heever gebore ; 6 Des 1838– Gelofte die eerste keer afgelê; 8 Des 1914– Genl. Beyers verdrink in die Vaalrivier; 8 Des 1872– Stigting van die Gerk kerf Steynsburg; 9 Des 1881– Dood van pres Burgers ; 11 Des 1899– Slag van Magersfontein; 16 Des 1838– Slag van Bloedrivier; 16 Des 1852– Genl. AH Potgieter oorlede; 19 Des 1792– Genl. AH Potgieter gebore; 20 Des 1914– Jopie Fourie doodgeskiet